

Globalisering beoordeel vanuit 'n geloofsoogpunt

Boesak, Allan & Hansen, Len, eds. 2009. Globalisation: the politics of empire, justice and the life of faith. Stellenbosch: Sun Press. 184 p. Price: R180,00. ISBN: 978-1-920338-03-9.

Resensent: J. Zaaiman
Skool vir Sosiale & Owerheidstudies,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Is die wêreld vasgevang in 'n globale orde wat die welvarendes beloon en die behoeftiges benadeel? As dit so is, watter uitdagings rig dit aan die gereformeerde kerke van vandag? Hierdie boek beantwoord hierdie vrae op 'n omvattende, op die punt af, indringende en akademiese wyse. Dit sluit nou aan by die Accra-deklarasie van die Wêreld Alliansie van Gereformeerde Kerke van 2004. Hierdie deklarasie daag gelowiges uit om te vra of die integriteit van hulle geloofsgetuigenis nie op die spel is in die wyse waarop hulle op ekonomiese ongeregtigheid en ekologiese vernietiging reageer nie.

Globalisation is 'n versameling uitstekende referate/artikels ingedeel in hoofstukke. Dit is deur 'n verskeidenheid vooraanstaande plaaslike en internasionale akademici geskryf. Die hoofstukke is deurgaans van hoë gehalte en dit maak die boek gesaghebbend in sy veld. Die feit dat die boek eerder die aard van 'n versameling uitgesoekte referate of artikels het, as van opvolgende hoofstukke

wat 'n spesifieke argumentlyn uitbou, is 'n sterkpunt van die boek. Die boek probeer dus nie om een perspektief of paradigma te bevorder nie, maar bied uiteenlopende gesigspunte op die globaliseringsproblematiek.

In die eerste twee hoofstukke deur Christi van der Westhuizen en Peter Wahl word die impak van globalisering belig. Globalisering word gedefinieer as die toenemende beweging van goedere, dienste, kapitaal en arbeid oor nasionale grense op grond van deregulerende politieke besluite en op grond van voortdurende tegnologiese ontwikkelings. Van der Westhuizen toon aan hoe weerloos die klerebedryfwerkers staan teen deregulerende politieke besluite. Wahl argumenteer dat die deregulerende politieke besluite inherent neo-liberalisties is en nie demokraties nie. Om dus neo-liberalistiese tendense van ongelykheidsbevordering teen te werk, is hardhandige hervorming nodig, waarvoor Wahl voorstelle maak.

In die volgende ses hoofstukke van Sampie Terblanche, T. Walter Herbert, Allan Boesak, Martina Wasserloos-Strunk, Charles Amjad-Ali en Gerhard Erasmus word die VSA se invloed met dié van antieke staatsryke vergelyk om tot die gevolgtrekking te kom dat die wêreld tans weer onder die mag van 'n ryk staan en daaraan onderhorig is. Terblanche doen 'n knap historiese ontleding van die opbou van die VSA se mag en kom tot die gevolgtrekking dat die VSA min ruimte bied vir die lande van die Suide om te ontwikkel. Herbert toon met gevallestudies aan hoe mag maklik tot 'n oorvereenvoudiging van goed en kwaad kan aanleiding gee. Hy maan die VSA dus om baie versigtig te wees om nie vir hulleself die morele bogrond toe te eien nie. Boesak se hoofstuk sluit hierby aan en wys die afgodery uit wat in die hart van ryke se magstoeëiening lê en dat dit ook vir die VSA geld. Dit moet stelselmatig uitgewys word. Wasserloos-Strunk wys ook op die mag van 'n ryk as 'n metafoor vir die wyse waarop sosio-ekonomies kwesbare mense weerloos in magstrukture vasgevang kan wees. Tog vertrou hy dat die burgerlike samelewing die vermoë kan hê om uiteindelik deur hierdie inperkende pantser te dring. Amjad-Ali bou hierop voort en toon watter rol die Christelike geloof hierin behoort te speel. Erasmus bied in sy hoofstuk verdere detail oor wat die burgerlike samelewing behoort te doen.

Die laaste vier hoofstukke is geskryf deur Oliver F. Williams, Willie Esterhuyse, Matthias Freudenberg en Dirkie Smit. In hierdie hoofstukke word antwoorde op die globaliseringsvraagstuk aan die orde gestel. Williams toon aan hoe die Verenigde Nasies se Global Compact of Shared Values and Principles deursigtigheid- en aanspreeklikheidsstandaarde aan firmas bied ten opsigte van hulle funksio-

nering. Tog sukkel besighede steeds om konsensus oor morele verantwoordelikheid te kry. Esterhuyse skryf in 'n positiewe artikel dat Suid-Afrikaanse besigheids-, politieke en burgerlike leiers tot 'n groeiende konsensus kom oor hoe rasse en kulturele verskille oorkom moet word. Freudenburg toon volgens gereformeerde teologie aan dat ryk en arm in dieselfde verhouding tot God staan en dat Christene saam vorm kan gee aan die wêreld. Smit bied 'n uitstekende teologiese ontleding van die Accra-dokument deur die gereformeerde van die dokument te beredeneer. Uiteindelik is die groot vraag of die ekonomiese ongelykheid binne die huidige ekonomiese orde hanteer kan word en of die orde self verander moet word. Hierdie gesprek, meen Smit, moet in die kerk voortgaan, omdat die kerk se liefdesdiens en geregtighedsboodskap tans op die spel is.

Die teikengehoor van hierdie boek is die teoloog of ernstige lidmaat van gereformeerde kerke wat worstel met die vraagstuk oor wat die kerk se getuigenis moet wees met betrekking tot ekonomiese ongelykheid. Die vertrekpunt van die boek is 'n globale perspektief wat dus die problematiek van armoede as die resultaat van globale prosesse en strukture beskou. Hoewel die boek dít vanuit verskillende oogpunte beskou, moet die leser nie nie-globale beskouings op sosio-ekonomiese ongelykheid in die boek verwag nie. Die boek gee egter interessante gesigspunte op globalisering en verdiep die geloofsgesprek oor hoe daarop gereageer moet word.